**Maandag 8 Augustus**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:5 – 2:6 (1983-vertaling);**
**HK Sondag 18, Vraag 40**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 1:8 – 2:2**

## Christus verdryf die duisternis (sonde)

Die bejaarde Johannes skryf aan gelowiges wat deur dwaalleraars in die war gebring word met hulle verkeerde siening dat die Seun van God nie werklik mens geword het nie. Om hierdie valsheid te weerlê, begin hy die brief met die feit dat Jesus van die begin af daar was. Die beeldryke taal beklemtoon die verbondenheid tussen Vader en Seun. Waar Christus regeer, is daar lig en lewe en maak dit die gelowiges se blydskap volkome. Daar is geen duisternis nie, want Christus is die Lig.

Hierdie waarheid word in Sondag 18 belig wanneer ons die nut van Christus se hemelvaart bely. Teenoor die dwaalleraars stel Johannes die volheid van God se verlossende werk in Jesus Christus:

- Jesus – die mens wat in my plek kom leef
- Christus – die Saligmaker wat my lewend maak
- Regverdigde – die Verlosser wat die duisternis verdryf en nie onreg duld nie
- Voorspraak – om my aan sy Vader as verloste kind bekend te stel

Hiermee het Jesus Christus verseker dat daar versoening gedoen is. Dit beteken dat sy liggaam as offer aan die kruis gehang is sodat my sonde verdwyn. In die Ou Testament het die hoëpriester *jaarliks* as voorspraak opgetree. Nou is Christus *elke dag* by God. Daar is geen groter troos nodig nie.

Dit ontwapen elke dwaling wat Jesus nie as God se Seun erken nie. Dit is Christus wat ons van alle ongeregtigheid gereinig het. Op grond hiervan roep Johannes ons dan op om nie meer te sondig nie, want dan ontken ons die werk van ons Here Jesus Christus.

Ons het ’n Voorspraak, Jesus Christus, by die Vader. Bevestig dit met jou lewe!

*Sing: Psalm 145:1, 5 (1936)*

*Ds. PJ (Petrus) van Blerk (Rietvallei)*